
NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Die Hervormer

Augustus 2026 | Die amptelike mondstuk van die NHKA | Jaargang 119, nommer 4



Geloofsverklaring 2025 | 3



NHSV-dames kuier saam by die Nasionale Kongres | 4-5



My pop val stukkend | 6



Stoepstories | 8

# Bewusmaking, veerkragtigheid en die saak van vroue

**Prof Tanya van Wyk**

***We the resilient, have been here before.***

'n Plakkaat met hierdie woorde vang my oog in 2017 tydens 'n protesoptog oor president Donald Trump se (eerste) inhuldiging. Die optog was spesifiek gemik op die wyse waarop sy taal en optrede vroue verontmenslik het. Op televisie hou ek die saak dop en sien hierdie plakkaat (**https://www.ashevilleart.org/work-of-the-week/we-the-resilient-ernesto-yerena/**). Dit beeld 'n inheemse Amerikaanse vrou uit. En die slagspreuk, vertaal: *Ons, die veerkragtiges, het dié tipe onsigbaarmaking waaroor julle hier protesteer, ontelbare kere al beleef.* Die implikasie was dat om bewustheid te skep, 'n voortgaande proses is en dat veerkragtigheid nodig is om daarmee vol te hou. Die geskiedkundige, stelselmatige en doelbewuste pogings om die inheemse volke in Amerika onsigbaar te maak en hul bestaan uit te vee, is nie iets wat in een generasie reggemaak kan word nie. Aldus die veerkragtigheid. Die plakkaat het my bygebly en 'n indruk op my gemaak, want veerkragtigheid is nodig as dit kom by die saak van vroue in ons wêreld vandag. Nie almal deel hierdie beskouing nie. Vir baie is die *saak van vroue* iets wat afgehandel is. Dit is óf holrug gery, óf dit lei daartoe dat manlikheid nie meer 'n plek in die samelewing het nie. In die Hervormde Kerk kan ons sê dat ons eerste vroue tot die amp toegelaat het. Ons het 'n meerderheid vroue wat amptelik dosente by die Universiteit van Pretoria is. Daar is twee vroue predikante wat op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dien (weliswaar uit 'n groter komitee). Wat is daar dan nou nog om oor te praat?



Hierdie vraag ontstaan altyd onvermydelik gedurende Augustus wanneer Vrouedag herdenk word. Miskien is dit 'n vraag waaroor die Kerk introspeksie moet doen. Tydens 'n onlangse simposium oor die tema van vroue in die kerk/ampte, hoor kollegas hoe een van die deelnemers na afloop van die werkswinkel sê dat hy hoop die vroue (die tannies) is nou tevrede. 'n Ander kollega, in 'n gesprek oor hoe min vroue dekane daar is, se opmerking is dat niemand vroue keer om dit te doen nie. As ek dit hoor, bid ek vir veerkragtigheid, want my moed sak in my skoene. Ek weet nie waar om te begin om te verduidelik wat die diep afgrond van onderliggende (en onsigbare) aannames is waarop sulke opmerkings gebou is nie. Ek bid dan vir krag om aan te hou met bewusmaking. As vrou mag ek nie te kwaad word nie, maar ek mag ook nie emosieloos wees nie. Ek kyk dan weer na die voorbeeld van die inheemse vrou op die plakkaat: *We the resilient, have been here before.*

Vir die afgelope drie en 'n half jaar is 'n groot deel van my lewe ingesluk deur die saak van vroueleierskap. Gedurende hierdie tydperk het ek saam met kollegas by die Albert Luthuli Leierskapinstituut aan die Universiteit van Pretoria 'n omvattende inisiatief ontwerp wat op vroueleierskap gemik is. Dit staan as die *Women Leadership Programme* (WLP@UP) bekend. 'n Belangrike komponent daarvan is die *LEADHER*-program. Dit is 'n kursus wat oor vyf maande strek waartydens vroue stelselmatig geïnternaliseerde voorveronderstellings oor hulself en die samelewing deur 'n proses van outo-etnografie deurwerk en 'n ander narratief skryf. Dit is nie 'n gewone driepunt- of vyfpunt- of sewepuntplan of proses wat dikwels in besigheidskole oor leierskap aangebied word nie. Dit is intens en vra ernstige introspeksie. Vir my as mede-aanbieder en koördineerder is dit tegelyk 'n asemrowende, maar ook 'n diep uitmergelende ervaring. Die vroue word toegerus met teoretiese insigte oor hoe kennis en mag met metafore, en vooronderstellings verband hou. Dit moet hulle dan toepas deur onder andere bepaalde groepwerk, kuns-installasies en 'n tipe kartering van hul eie self te maak.

Gedurende hierdie drie en 'n half jaar is my veerkragtigheid en psigiese energie meermale opgebruik. Die *saak van vroue* is kompleks – benewens die eksplisiete en implisiete seksisme wat bestaan (en pogings om dit te ontken), kompeteer vroue met mekaar vir 'n stukkie sigbaarheid. Daar is vroue wat geheel en al ontken dat daar 'n probleem is en vroue wat wél aan hierdie ontwikkelingsprogramme deelneem, verkleineer of beskuldig dat hulle die normale (*regte*) orde van die mensdom wil omkeer. Daar is mans wat die ontwikkelingsprogramme afmaak as 'n kerm-en-kla-sessie. Daar is egter ook mans wat die vroue ondersteun en self van die kursusdele fasiliteer. Hulle is ware bondgenote. Daar is 'n verskil tussen 'n man wat bereid is om saam met vroue seer te kry, en een wat 'n spreekwoordelike polities korrekte t-hemp met 'n slagspreuk dra wat lees *ek ondersteun vroue*. Ek is bevoorreg om saam met 'n klein groep manlike bondgenote te werk.

Tydens die kursus, vertel vroue dikwels hul verhale – hoe hul voorstelle afgemaak word totdat 'n manlike kollega dit voorstel; hoe hulle enersyds uitgesonder word as hulle nie kinders het nie, maar andersyds hul kinders gebruik word as rede dat hulle nie bevorder kan word nie; hoe hulle manlike eweknie meer geld op dieselfde posvlak verdien; hoe hulle drie keer soveel bewys moet lewer van die kwaliteit van hul werk; hoe vroue mekaar verkleineer omdat hulle hierdie oorhoofse paradigma van diskriminasie en kompetisie geïnternaliseer het; en hoe vroue onsigbaar is wanneer besluite geneem word, of stilgemaak word tydens vergaderings. Dit is alles die dele van die verhaal wat sigbaar is. Soos 'n ysberg steek net die boonste deel uit. Die ander dele van die verhale is erger.

Mense vra dikwels hoekom ons Vrouedag vier en miskien ook hoekom die Hervormde Kerk nog hieroor moet praat. 'n Klein voorbeeld sal miskien dit beter toelig. In Januarie vanjaar (2026) het die Gereformeerde Kerk se Algemene Sinode opnuut besluit om vroue nie tot die amp toe te laat nie. In die menige gesprekke wat volg, hoor ek hoe mense praat van *die* vrou in die amp. Die bepaalde lidwoord hier is van belang (*die*). Om die verskeidenheid van vroue onder een lidwoord (lees: een groep) te plaas, is om 'n karikatuur van vroue te maak asof alle vroue dieselfde is. 'n Huiswerker se omstandighede is anders as 'n vrou wat in Sandton woon (beide oor kleurgrense heen), en hulle kan nie oor dieselfde kam geskeer word nie. Só ook 'n getroude vrou met of sonder kinders, 'n geskeide vrou, 'n vrou wat nie getroud is nie, 'n vrou wat nie heteroseksueel is nie, 'n vrou wat in die Noordelike Halfrond of die Suidelike Halfrond woon, 'n vrou wat vroeg moet opstaan om 'n hele familie te versorg, of 'n vrou wat heeldag agter die kasregister sit. Om van *die* vrou te praat, is dieselfde as om met irritasie van *die vroumens* te praat.

Vrouedag is 'n dag wat handel oor die menslikheid van alle mense, en die raaksien van alle mense se omstandighede en die bewusmaking van hoe ons mekaar as mense erken en dienooreenkomstig behandel. Sommiges dink die saak van vroue is afgehandel. Dit is nie die geval nie. En al wil ek soms myself in die spreekwoordelike woestyn gaan afsluit van die kwaad, teleurstelling, hartseer en die aanhoudende energie wat bewusmaking verg, hou ek aan. Want dit is nie vir my nie. Dit is vir ander. En dan onthou ek die vrou op die plakkaat: *We the resilient, have been here before.*

(Prof Tanya van Wyk is departementshoof van Sistematiese en Historiese Teologie in die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van Pretoria)

# Verandering en vernuwing: hou jy nog by?

**Ds David Barnard**

***Yuval Noah Harari publiseer in September 2024 'n boek met die titel Nexus: A Brief History of Information Networks from the Stone Age to AI.***

Harari vra in die laaste hoofstuk van sy boek of iemand jou al ooit versoek het om te bewys dat jy nie 'n masjienmens (*robot*) is nie deur op foto's te klik waarin onder andere katte of verkeersligte verskyn. Dit het vir my, en ek glo baie ander, na 'n sinnelose oefening gelyk. Elke klik op die foto van 'n kat is egter in 'n netwerk gelaai en kunsmatige intelligensie (KI) is in die proses met inligting gevoer. Stadig maar seker kon KI 'n duidelike beeld vorm van hoe katte of verkeersligte in al hul vorme lyk. Die beste algoritmes kon desnieteenstaande teen 2010 slegs 72% van objekte of wesens korrek identifiseer. In 2012 wen die *AlexNet*-algoritme 'n toekenning vir 'n verstommende 85% met die elektroniese identifisering van bepaalde objekte en sake. In 2015 het die suksessyfer reeds by 96% getrek.



Die vermoë om 'n voorwerp of mens se voorkoms te lees en vas te stel wie of wat dit is, het later selfs daartoe gelei dat Irannese en Israeliese magte hierdie tegnologie kon gebruik om persone wat nie in 'n bepaalde gebied *tuishoort* nie, te identifiseer. Hierdie onwelkome gaste kon dan verwyder word. Al die groot moondhede sien KI tans as 'n sleutel tot ware seggenskap of mag.

Hierdie paar feite uit Harari se boek illustreer dat dít wat so onlangs soos tien jaar gelede, relatief nuut was en wat op daardie stadium 'n klein persentasie van die wêreldbevolking se aandag getrek het, vandag ou nuus is.

Byna elke Hervormde predikant en die meeste van ons lidmate is ten minste op 'n eerste of tweede vlak met KI vertroud. Die advertensies in kerklike publikasies en op sosiale media vertoon dikwels byna identiese trekke. Almal gebruik soortgelyke rympies en ritmes om aksies en produkte mee te bemark. Die rede hiervoor is eenvoudig – KI se hulp word ingespan vir die ontwerp daarvan.

Tydens 'n onlangse VTT-kursus het die aanbieder gestel dat dit wat vandag ons aandag prikkel en so rewolusionêr lyk, binne die volgende twee jaar uit die oude doos sal wees.

Verandering en vernuwing vind tans teen 'n ongekontroleerde en duiselingwekkende spoed plaas. Gewone mense het egter dikwels tyd nodig om stil te sit en om gebeure en uitvindings te verwerk en te internaliseer. Stilsit het tans die lastige gevolg dat jy binne enkele maande reeds ligjare agter sal wees. Die uitputtende proses van byhou het die geneigdheid om sommige mense moedeloos te maak. Die pas waarteen inligting gegenereer word en beskikbaar raak asook die gesprekke wat danksy hierdie inligting op elke kerklike terrein ontstaan, laat lidmate soms aan inligtingsuitputting (*information fatigue*) ly. Dit hou deels verband met te veel opsies te make. Een gevolg van die inligtingsontploffing is ook dat die brein sukkel om die vloedgolf van inligting te absorbeer en verwerk. Te veel opsies lei tot besluiteloosheid, geestelike uitputting, selfs 'n afname in produktiwiteit. Om vals nuus van egte nuus te onderskei, raak ingewikkeld. Oppervlakkige, nie-nagevorsde kennis word daagliks van die een persoon na die volgende persoon oorgedra.

Die *Barna*-groep het in onlangse navorsing bevind dat die deursnit lidmaat in die VSA deesdae eerder fisiese aanbidding verkies bo elektroniese aanbidding. Die massa elektroniese inligting en aanbiddingsgeleenthede wat beskikbaar is, hou wel die voordeel in dat inligting *en masse* beskikbaar is, maar dit vervang nie warm, hartlike kontak met medegelowiges nie. Die meerderheid lidmate vertrou ook, aldus hierdie navorsing, steeds op hul eie geestelike leiers om in verantwoordelikheid die Evangelie te verkondig.

Tog beskik ons skielik oor 'n kosbare hulpmiddel wat ons geloof kan versterk en wat ons kennis met rasse skrede kan uitbrei.

Mark Barnes deel 'n paar gedagtes hieroor. Miskien benodig ons, om mee te begin, ware wysheid. Ware wysheid begin, aldus Spreuke, met kennis van en diens aan God. Ons het ook onderskeidingsvermoë nodig om die koring en kaf van mekaar te kan skei. In die Bybelse tyd, soos onder andere verwoord in Psalm 20, het mense die risiko geloop om op *perde* en *strydwaens* te vertrou. Tegnologie help om tyd te spaar en maak deure oop wat voorheen gesluit was. Dit kan egter ook ons vertroue kaap in plaas daarvan om in 'n persoonlike verhouding met God te staan en ook op sy Gees se onderskeiding te vertrou. Ons inneem van geestelike inligting begin tog steeds by die Woord van God – die bestudering en oordenking daarvan. Ons het mekaar werklik nodig. Ons is gelowiges wat deel in die boodskap van hoop en bevryding. Deur hande te vat, saam te ontdek en ontgin, verryk ons mekaar se wêrelde. Bowenal staan die opdrag om nederig te bly, vas. Ons is immers volgelinge van die groot Voetwasser. Geen mens het alle *wysheid in pag* nie. In die paar jaar wat voorlê wag daar ongelooflike ontwikkeling en verandering en die aanpassings wat van ons gevra sal word, gaan meer wees as in enige tyd vooraf. Die belangrikste is om te bly vashou aan dit wat die kern van ons menswees is – God self. Hy bly in 'n immer veranderende wêreld die Een wat standvastigheid vir alle tye en in alle omstandighede bied.

## Uit die Woord

**Aan U die eer**

*Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe, oor u troue liefde, oor u bestendigheid* (Ps 115: 1, AFR2020).

Grote God, aan U die eer!
Heerlik is waar U regeer;
hemels is u majesteit;
heilig u geregtigheid.
U wat alles onderhou,
U is ewig en getrou.

(Gesang 190: 1)

## Oordenking

# Glo jy… of vertrou jy?

**Ds Dalene Lourens (Selcourt/Springs-Noord)**

***Geloof, egter, is sekerheid van die dinge wat gehoop word, 'n bewys van die dinge wat nie gesien word nie* (Heb 11: 1, AFR2020).**

Ons sê maklik: *Ek glo.* Ons glo baie dinge – oor die lewe, die toekoms en in God. Maar die Bybel verwag van ons iets dieper as om net te glo – dit verwag van ons om te vertrou.

Daar is 'n bekende verhaal van Charles Blondin wat oor die Niagara-watervalle op 'n tou geloop het. 'n Skare het saamgedrom en met hul eie oë gesien hoe hy dit regkry. Hulle het geglo hy kon dit doen. Toe hy vra: *Glo julle ek kan iemand in 'n kruiwa oor stoot?* Almal het geantwoord: *Ja!* Maar toe hy vra wie sal in die kruiwa klim, het niemand beweeg nie. Dit is die verskil tussen glo en vertrou. Glo staan op 'n afstand en sê: *Ek dink dit is waar.* Vertrou tree vorentoe en sê: *Ek plaas my lewe in jou hande.*

Die skrywer van Hebreërs verstaan hierdie spanning en gee vir ons 'n definisie van geloof wat nie op blote emosie of intellektuele instemming berus nie, maar op 'n werklikheid wat dieper lê. In vers 1 word die woord *hupostasis* in die Griekse weergawe gebruik – 'n term wat verwys na die wesenlike substansie of selfs 'n eiendomstitel.

Wanneer die teks sê dat geloof 'n *vaste waarborg* of substansie is van die dinge wat ons hoop, beteken dit nie dat geloof iets is waarmee ons probeer om 'n werklikheid te skep nie. Dit is eerder die bewys dat hierdie werklikheid reeds aan ons behoort. Geloof is die objektiewe fondament waarop ons hoop rus – 'n goddelike werklikheid wat reeds teenwoordig is, selfs wanneer ons omstandighede nog van lyding en verganklikheid getuig.

Hierdie hipostase staan in direkte kontras met ons menslike neiging om net dit wat sigbaar is as werklik te aanvaar. Vir die natuurlike oog lyk die kruis van Christus soos 'n nederlaag en die graf soos 'n finaliteit. Maar deur die lens van geloof word die kruis oorwinning en die graf die begin van 'n nuwe lewe.

Die teks voeg by dat geloof ook *elenchus* is – die innerlike bewys, die diep oortuiging van dinge wat ons nie sien nie. Dit is soos 'n geestelike sintuig waardeur ons die onsigbare koninkryk as méér werklik begin beleef as die sigbare wêreld. Dit beteken dat die nuwe lewe van die opstanding nie eers eendag begin nie. Dit is reeds nou 'n werklikheid wat in die gelowige leef – selfs terwyl ons nog die gebrokenheid van hierdie wêreld ervaar.

Die vraag is: *Waar staan jy?*

Baie van ons glo dat Jesus gesterf het en opgestaan het. Ons bely dit en vier dit, maar tog leef daar soms twyfel. Is my sondes werklik vergewe? Kan ek werklik rus in wat Christus gedoen het? Hier raak geloof persoonlik. Aan die kruis het Jesus gesê: *Dit is volbring.* Ons sekerheid lê nie in hoe sterk ons glo nie, maar in hoe volledig Christus ons verlos het.

Om te vertrou beteken om daardie waarheid vir jouself te vat – om as't ware in die *kruiwa* te klim en jou lewe aan Hom toe te vertrou. Met jou sonde, jou vrese en selfs jou twyfel. Maar daar is nog iets. Anders as die skare, was Blondin se bestuurder egter bereid om saam met hom op die tou te gaan omdat hy Blondin vertrou het. Ons het ook mense nodig wat wys hoe geloof lyk. Dit is hoekom die Bybel vir ons voorbeelde gee en hoekom die gemeente bestaan – sodat ons nie net hoor nie, maar ook sien.

En dan draai dit na ons toe. Ons is nie net deel van die skare nie, ons word geroep om getuies te wees – mense wie se lewens vir ander wys dat dit moontlik is om God te vertrou. Miskien kyk iemand na jou lewe en wonder: *Is hierdie geloof werklik?* Deur jou vertroue begin hulle glo.

Die vraag bly: *Glo jy net… of vertrou jy?* Want geloof begin wanneer jy glo Hy kan, maar dit word werklik wanneer jy jou lewe aan Hom toevertrou.

# *Geloofsverklaring 2025* – Kerklike regering en die beperkte mag van die owerheid



Prof Wim Dreyer

**Die 74ste Algemene Kerkvergadering (AKV) van die Hervormde Kerk wat in Oktober 2025 in Midstream vergader het, het 'n Geloofsverklaring uitgereik as getuienis teenoor die owerheid en al die inwoners van Suid-Afrika. Dit dien ook as riglyn vir die Kerk se verstaan van ons roeping, dienswerk, teologiese arbeid en verkondiging.**

*Geloofsverklaring 2025* bestaan uit ses artikels. In vorige uitgawes van *Die Hervormer* is die eerste vier stellings bespreek. In hierdie artikel word die laaste twee stellings van *Geloofsverklaring 2025* bespreek.

Die vyfde stelling van *Geloofsverklaring 2025* handel oor kerkregering, en meer spesifiek oor Jesus Christus as die enigste Hoof en Heer van die Kerk. Dit is soos volg geformuleer:

> ***STELLING 5: KERKREGERING***
>
> *Jesus Christus is Hoof en Heer van die Kerk. As Here is Hy deur die Heilige Gees, die Woord en sakramente handelend teenwoordig in die Kerk.*
>
> *Geen kerkleier of kerklike vergadering beskik oor buitengewone mag of bevoegdheid nie.*
>
> *Die algemene priesterskap van die gelowiges impliseer dat die verkondiging van die evangelie 'n opdrag is wat aan die hele gemeente toevertrou is.*

In hierdie stelling getuig die Hervormde Kerk dat die Kerk in gehoorsaamheid aan Jesus Christus moet en wil leef. Christus is die Hoof en Heer van die Kerk. Christus regeer direk oor sy Kerk, deur die Woord van God en die Heilige Gees. Die Woord en Gees vernuwe ons denke, verander ons hart en gesindheid en help ons om in gehoorsaamheid aan God te leef. Alles wat die Kerk doen en alles wat die Kerk verkondig, moet aan die Woord van God getoets word.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat dié stelling enige vorm van magsmisbruik deur ampsdraers van die Kerk by die wortel afsny. Ons leef in 'n tyd waar dit nie vreemd is dat mense hulself aanstel as biskoppe, profete of pastore nie, en op 'n vreemde manier gesag oor mense verkry. Dit is ook nie vreemd dat daar selfs in die Kerk mense is wat probeer om oor ander baas te speel nie – iets waarteen die bevestigingsformulier ons ook waarsku. Gesag en mag is vreemd aan die wese van die Kerk. Ons is diensbaar soos wat Christus diensbaar was.

Die vyfde stelling gee ook erkenning aan die rol wat lidmate in diens van God se koninkryk speel. Die algemene priesterskap van gelowiges beteken dat elke lidmaat verantwoordelik is vir die uitdra van die evangelie, die welstand van die Kerk en diensbaarheid aan ons naaste. Die Kerk as geheel is geroep om diensbaar in God se koninkryk te wees – dit is nie net die roeping van enkele ampsdraers nie.

Hierdie stelling is teologies begrond in ons verstaan van *missio Dei* – God wat handelend in die wêreld en in die Kerk teenwoordig is, en elke gelowige oproep om diensbaar aan God se koninkryk te wees.

Die sesde stelling van *Geloofsverklaring 2025* handel oor die owerheid, en die vryheid van die Kerk teenoor die owerheid. Dit is soos volg geformuleer:

> ***STELLING 6: DIE OWERHEID***
>
> *Owerhede is 'n gawe van God om te sorg vir geregtigheid en vrede in 'n gebroke wêreld, waarin die Kerk ook leef. Die Kerk erken met dankbaarheid dat hierdie gawe van God orde skep.*
>
> *Die Kerk getuig teenoor die owerheid van God se heerskappy, van God se gebod en God se geregtigheid, sowel as die verantwoordelikhede van owerheid en onderdaan.*
>
> *Die Kerk mag nie 'n instrument in die hande van die owerheid word, of die moraal van die samelewing ten dienste van menslike doelstellings aanneem nie. Geen wêreldbeskouing, politieke oortuigings of ideologie is bepalend vir die inhoud van die Kerk se verkondiging nie.*
>
> *Geen owerheid het absolute seggenskap oor sy onderdane nie, en die owerheid is nie allesbepalend vir mense se geluk en welstand nie.*
>
> *Ons vertrou op God, wat alle dinge in stand hou.*

Op 'n tipies-reformatoriese wyse gee die sesde stelling erkenning aan die posisie en die gesag van die owerheid en word die owerheid erken as 'n gawe van God om die welstand van elke onderdaan te bevorder. In die Calvinistiese verstaan van die staat, staan *orde* sentraal. God stel die owerheid in om orde te handhaaf deur 'n goeie en bekwame regering, misdadigers te straf en die algemene welstand van alle landsburgers te bevorder.

Dit is ook 'n getuienis teenoor elke landsburger, en die verantwoordelikheid wat elkeen dra, om saam te werk tot vrede. Die gehoorsaamheid aan God en die wette van die land loop hand-aan-hand om 'n vreedsame samelewing tot stand te bring.

Die beperkte gesag van die owerheid word ook uitgespel. Die owerheid is nie bo die wet verhewe nie, maar word getoets aan die wyse waarop die owerheid die welstand van elke landsburger bevorder. Die owerheid het nie absolute mag oor onderdane nie. Enige vorm van tirannie, magsmisbruik en korrupsie ter wille van eie gewin en selfverryking word ten sterkste afgewys.

Daarbenewens wil die sesde stelling ook die vryheid van die Kerk teenoor die owerheid onomwonde handhaaf. Die Kerk kan en mag nooit 'n agent van die owerheid se programme word nie, nog minder 'n spreekbuis van een of ander ideologie of politieke program. Die Kerk staan altyd profeties teenoor die owerheid, om in vryheid en in gehoorsaamheid aan God te getuig van die evangelie en God se heerskappy.

Hierdie stelling sluit af met 'n geloofsuitspraak: In alles vertrou ons op God. Politieke- en landsomstandighede mag verander, regerings mag verander en politieke partye kom tot 'n val, maar God se heerskappy en sorg staan vir altyd vas. Daarom vertrou ons op God, en weet ons dat ons toekoms nie afhanklik is van politieke leiers nie, maar in die hand van God is. Terwyl ons volledig op God vertrou, onthef dit nie die owerheid of onderdane van die verantwoordelikheid om alles te doen om die welstand van die mense van Suid-Afrika te bevorder nie.

Met Besluit 1 van die 74ste AKV (2025) is *Geloofsverklaring 2025* aanvaar as:

- Riglyn vir die Kerk se getuienis in die wêreld.
- Riglyn vir die Kerk se getuienis teenoor die owerheid.
- Riglyn vir die Kerk se roeping en dienswerk.
- Riglyn vir die Kerk se besluite en kerkordelike reëlings.
- Riglyn vir die Kerk se teologiese arbeid.

Bogenoemde dui op die ingrypende betekenis wat Besluit 1 en *Geloofsverklaring 2025* vir die lewe en werk van die Hervormde Kerk inhou.

Die AKV het dit aan die Kommissie van die AKV opgedra om die *Geloofsverklaring* verder te verfyn en het ook aan die Kommissie afhandelingsbevoegdheid gegee.

*Geloofsverklaring 2025* is 'n kragtige getuienis uit die hart van die Hervormde Kerk dat die evangelie van Jesus Christus hoop aan mense bied. 'n Mensdom, wêreld en aarde wat deur menslike geweld en sonde beskadig word, het daardie hoop nodig.

(Prof Wim Dreyer is emerituspredikant en leraar van Gemeente Outeniqua)

# NHSV-dames kuier saam by die Nasionale Kongres


Openingsaand by Gemeente Montana


Ds Leon Geel (sr), Mari-lizé Beukes en dr Martin Jansen van Rensburg

Mari-lizé Beukes

**Tydens die NHSV se 50ste Nasionale Kongres kon ons terugkyk na 'n periode van drie jaar waarin ons werksaamhede nuwe hoogtepunte bereik het.**

Terugskouend was hierdie tydperk vol geleenthede en genade. Ten spyte van wêreldwye ekonomiese uitdagings wat ons werkwyses beïnvloed het, het die NHSV steeds oorvloedige genade beleef.

Al het ons vanjaar die NHSV se 86ste bestaansjaar op 22 Mei gevier, kon ons steeds by die tye aanpas. Ons kon veranderinge aanbring soos nodig om die pad vorentoe dinamies aan te pak én ons kon 'n verskil in mense se lewens maak.

**Bejaardesorg**
Bejaardesorg is een van die hoofprioriteite van die NHSV. Ons was die afgelope drie jaar betrokke by die Ons Tuis-tehuise met befondsing van onder andere nuwe rekenaars. Ons kon die totale warmwaterstelsel van Ons Tuis Riviera, wat hierdie jaar 97 jaar oud is, opgradeer. Ons is ook in die proses om die brandalarms en paniekknoppiestelsels by al ses Ons Tuis tehuise te vervang. Dit sal die bejaardes se veiligheid in tye van nood verbeter.

**NHSV Studielenings**
Die NHSV se Studieleningskomitee het die afgelope drie jaar toekennings aan 117 voorgraadse en nagraadse Hervormde studente gemaak vir studielenings en meriete- en prestasiebeurse.

**NHSV Welstandsprogram**
Tydens 2023 se Nasionale Kongres het die NHSV die Welstandsprogram uitgebrei om 'n netwerk van ondersteuning te skep waarmee meer predikantsvroue, predikanteweduwees en vrouelidmate bereik kan word. Ons het ook hande gevat met die NHKA se Welstandsprogram wat deel uitmaak van die Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB). Ons was die afgelope drie jaar betrokke by verskeie gevalle waar ons finansiële ondersteuning kon bied vir veral mediese onkostes en apparate.

**NHSV publikasies en sosiale media**
Die NHSV het 2024 ingelui met 'n nuwe Facebook-blad genaamd *NHSV Hoofbestuur*. Daarop deel ons waardevolle inligting wat spesifiek op NHSV-dienswerk in die Kerk, geestelike toerusting vir ons vrouelidmate, en bewusmaking van kerklike publikasies fokus. Daar verskyn daaglikse plasings wat op ons vrouelidmate van toepassing is. Al die foto's wat tydens die kongres geneem is, is reeds op ons Facebook-blad beskikbaar.

*Vroueflitse* vier vanjaar haar tiende bestaansjaar en het sedert die eerste publikasie in April 2016, artikels gepubliseer wat hand aan hand loop met die beskrywingspunte van die NHSV-Kongres wat geestesgesondheid, ouerskapleiding, bejaardesorg en jeugbetrokkenheid bevorder.

Ons webblad vier dié jaar haar 20ste bestaansjaar en van die belangrikste inligting van die NHSV word sedert Februarie 2006 hier gekommunikeer.

*Die Christelike Vrou* publiseer reeds sedert 1943 aktuele artikels. Ons is bevoorreg om na 83 jaar steeds hierdie publikasie maandeliks te kan versprei. Die verspreiding geskied tans elektronies.

Die NHSV-Hoofbestuur is ook betrokke by die skryf van artikels oor vrouebediening met 'n geestelike inslag wat gereeld op die Kerk se webblad geplaas word.

Ons spreek jaarliks die HTK se finalejaarstudente toe oor die NHSV se dienswerk in die Kerk en hoe dit inskakel in die raamwerk van die NHKA.

**Toekomsverwagting**
Die NHSV-afgevaardigdes het vir twee dae tydens die kongres besin oor die wyse waarop ons vrouelidmate werksaam in die Kerk is. Ons het kennis en idees uitgeruil, mekaar ondersteun en pitkos ontvang wat ons vir dienswerk in gemeentes, die Kerk en daarbuite sal toerus.

**Rentmeesterskap**
Die skeppingsverhaal beskryf die skeppingsopdrag só: *Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip* (Gen 1: 28, AFR83)."

Rentmeesterskap is die verantwoordelike bestuur van dit wat aan jou toevertrou is, met die besef dat God die ware eienaar van alles is. Dit behels die verstandige en liefdevolle hantering van jou lewe, tyd, talente en die skepping self. Ons is slegs toesighouers wat eendag rekenskap van ons bestuur moet gee.

'n Goeie rentmeester word gekenmerk deur toewyding, onselfsugtigheid en 'n lewe van dankbaarheid teenoor God. Om oor die skepping te heers, beteken dat ons goed is vir die skepping – soos 'n boom wat oor sy omgewing heers deur koelte te verskaf en vrugte te dra. Wanneer ons oor mense heers, moet ons sorg dat hulle die nodige versorging ontvang en ons moet aan hulle erkenning en vergifnis bied sodat hulle die mense kan wees wat God hulle bedoel het om te wees.

Tydens die sitting van die Kongres het ons verslae van die NHSV Hoofbestuur hanteer wat 'n terugskouende blik oor drie jaar se werksaamhede gewerp het. Dit is 'n bewys van die NHSV se rentmeesterskap.

Ons het geluister na die mededelings van al die diensorgane en instansies en gehoor hoe hulle daarop gefokus het om ander te help. Dit is 'n bewys van elkeen se rentmeesterskap in hul verskillende diensvelde.

Die beskrywingspunte wat by hierdie kongres gedien het, bepaal die NHSV se aksiestappe vir die volgende drie jaar. Ons het beplan reeds projekte in ons gemeentes en tydens NHSV streekbyeenkomste, met die roeping van God in die skeppingsverhaal – *gaan bewoon die aarde en bewerk dit.*

**NHSV tema 2026**
Die NHSV se tema vir 2026, *Nogtans sal ek jubel...*, kom uit Habakuk 3: 18 en volg op die NHSV se tema van 2025, naamlik *...want ek weet op wie ek vertrou...* uit 2 Timoteus 1: 12, en 2024 se tema, *Al het ek geval, ek staan weer op...* uit Miga 7: 8.

Die boek Habakuk bestaan uit drie hoofstukke waarvan die eerste twee die gesprek tussen Habakuk en die Here weergee, en hoofstuk 3 die gebed van die profeet Habakuk. In hoofstuk 3 van die 2020-vertaling lees ons in verse 17 en 18 die volgende: *Al sou vyebome nie bot nie, daar geen opbrengs aan die wingerdstokke wees nie, die drag van die olyfbome teleurstel, die landerye niks te ete lewer nie, kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle oor wees nie; nogtans sal ek jubel in die Here, sal ek juig in die God wat my verlos.*

Wanneer ons bewus word van Jesus se teenwoordigheid in ons lewens, selfs daar waar dit moeilik gaan, staan ons elke keer weer verbaas oor die seëninge in ons daaglikse bestaan. Ons weet dat die volk Israel 70 jaar lank in ballingskap oorleef het voordat die Here verlossing gebring het en hulle Hom in hul eie land kon aanbid. God wat hoop vir Israel bring ná die ballingskap, sluit ook vir ons vandag die deure oop na *hoop*, en daarom sal ons *jubel* in die Here ons God wat ook vir ons vandag verlossing bring.

(Mari-lizé Beukes is die voorsitter van die NHSV-Hoofbestuur)


Die musikante tydens die openingsaand


Die huidige en vorige NHSV-voorsitters


Kunstenaar: Je-ani Swiegelaar


NHSV-Dagbestuur van 2023 tot 2026


Ma's, dogters en kleindogters tydens die Kongres



Kunstenaar: Jak de Priester


Spreker: Gerda van der Merwe


Die kongresgangers tydens Yolande Britnell-Steyn se gesprek Sondag


Spreker: Yolande Britnell-Steyn


Nuutverkose Dagbestuur


Tafelversierings

Meer Kongresfoto's is beskikbaar op die NHSV se ***Facebook*-blad.**

# Die onthulling van vroue in Jesus se gelykenisse

Dr Charel du Toit

**Die gelykenisse van Jesus is van die geliefste en mees bestudeerde verhale in die hele wêreld. Hierdie verhale, van die barmhartige Samaritaan tot die verlore seun, het vir meer as twee millennia gevorm hoe ons deernis, vergifnis en geloof verstaan. Maar sê nou maar ons lees al vir eeue hierdie bekende verhale met een oog toe?**

Tradisionele interpretasies van die Bybel, wat dikwels deur 'n manlik-gesentreerde perspektief gevorm word, het histories die teenwoordigheid van vroue in hierdie verhale misgekyk of heeltemal geïgnoreer. Wanneer ons vandag die gelykenisse lees, neem ons dikwels aan dat omdat vroue nie in elke verhaal uitdruklik genoem word nie, hulle bloot nie daar was nie. Maar in die antieke wêreld het tekstuele stilte nie historiese afwesigheid beteken nie.

Om die gelykenisse te verstaan en te lees soos Jesus se oorspronklike gehoor dit verstaan het, moet ons erns maak met wat ek in my PhD-tesis 'n *unhiding reading* noem: 'n manier van lees wat die versteekte stemme, arbeid en teenwoordigheid van vroue wat nog altyd deel van die verhaal was, blootlê.




**Die Hompie Kedompie-effek**
Om te verstaan hoe ons hierdie versteekte vroue miskyk, dink aan die bekende kinderrympie van Hompie Kedompie. As jy die meeste mense vra wie Hompie Kedompie is, sal hulle dadelik vir jou sê hy is 'n eier. Indien jy hom aanlyn soek, sal jy oneindig baie beelde sien van 'n eierman wat van 'n muur afval.

Maar as jy mooi na die teks van die rympie kyk, sê dit nêrens dat Hompie Kedompie wel 'n eier is nie! Daar is niks in die teks wat eers voorstel dat hy 'n eier is nie, tog stel ons almal hom as een voor. As argeoloë 2 000 jaar van nou af daardie teks sou opgrawe, sou hulle waarskynlik tot die gevolgtrekking kom dat 'n persoon op 'n muur gesit en afgeval het. Hulle sou verkeerd wees, want hulle sou nie ons kultuur, ons taal, of ons daaglikse konteks verstaan en hoe ons verbeelding die gapings invul nie.

Dieselfde dinamika vind plaas wanneer ons vandag die Bybel lees. Jesus het met 'n hoë-konteks-samelewing gepraat, wat beteken dat sy gehoor 'n gedeelde kennis van kultuur, tradisies en samelewingsrolle gehad het. Wanneer Jesus na 'n huis, 'n fees, of 'n brood verwys het, het die gehoor dit nie nodig geag om die betrokke vroue uitdruklik te noem nie; hul gedagtes en verbeelding het outomaties die vroue, dogters en vroulike slawe, wie se werk daardie dinge moontlik gemaak het, ingesluit. Vir die antieke gehoor het die woord *huis* dikwels letterlik *vrou* beteken.

Om dit makliker te maak om voor te stel, dink aan die geskiedenis as 'n Hollywood-trefferfilm. Histories het mans die draaiboek geskryf, die aksie geregisseer en vir hulself al die hoofrolle toegeëien. Vroue is na agtergrondrolle verskuif, soos om die stelle te bou of die klere en uitrustings te ontwerp; werk wat absoluut noodsaaklik is vir die film om te bestaan, maar wat weg van die kameras gehou word. 'n *Unhiding reading* tree op as 'n ingryping in hierdie historiese film, wat verby die manlik geskrewe draaiboek kyk om die vroulike akteurs raak te sien.

In my nuwe boek ondersoek ek 'n reeks gelykenisse en hoe ons met die *unhiding*-bril nuut na die stories kan kyk. Kom ons sit hierdie nuwe lens aan die werk en kyk na 'n paar van ons gunsteling gelykenisse wat ook in die boek bespreek word.

**Die verlore seun se vermiste ma**
Die gelykenis van die verlore seun word tradisioneel geïnterpreteer as 'n pragtige verhaal oor 'n vergewensgesinde pa en sy twee seuns. Maar hierdie tradisionele lesing kyk 'n massiewe stuk van die legkaart mis.

Die gelykenis begin met: *Daar was 'n man wat twee seuns gehad het* (Luk 15: 11, AFR83). Uit die staanspoor word 'n ma se teenwoordigheid verberg, tog kan daar geen seuns wees sonder ten minste een ma wat aan hulle geboorte geskenk het nie. In die antieke Mediterreense kultuur was 'n ma se band met haar seun een van die waardevolste verhoudings wat sy gehad het, aangesien hy haar primêre beskermer in haar oudag sou wees. Daarom sou die jonger seun se voortydige versoek om sy erfporsie te neem, en sy daaropvolgende vertrek, 'n bron van intense onsekerheid en stille angs vir sy ma gewees het.

Verder het moeders in patriargale samelewings dikwels as lewensbelangrike bemiddelaars gedien wat agter die skerms gewerk het om gesinseenheid te handhaaf en konflikte, veral oor erfporsies, tussen vaders en seuns te besleg. Wanneer die seun uiteindelik terugkeer en die pa hom tegemoet hardloop, was dit dalk nie 'n spontane daad van deernis nie. Dit was waarskynlik te danke aan sy vrou se geduldige, onsigbare arbeid van versoening agter die skerms waar sy by haar man gepleit het om hul seun te vergewe.

Wanneer die pa sy dienaars beveel om die vetgemaakte kalf te bring en fees te vier, moet ons onthou dat vroue verantwoordelik was vir die meerderheid van die huishoudelike take. Die vrouens, dogters en vroulike slawe sou die maaltye voorberei het en verseker het dat komplekse reinheidsvoorskrifte nagekom word. Die vreugdevolle verwelkoming van die verlore seun was nie 'n eensame daad deur 'n enkele man nie; dit was 'n gemeenskaplike herstel wat georkestreer is deur die onerkende arbeid van sy ma en die vroue van die huishouding.

**Die herbergier se versteekte vrou**
Die barmhartige Samaritaan word gevier as 'n radikale herdefiniëring van wat dit beteken om iemand se naaste te wees. Maar die plekke waar hierdie gelykenis afspeel, die gevaarlike pad en die herberg, was ver daarvan om slegs manlike ruimtes te wees. Vroue was gereelde reisigers op die paaie van die Romeinse Ryk. Hulle het ook dikwels alleen gereis en dieselfde gevare van rowers as die beseerde man in die gesig gestaar.

Wanneer die Samaritaan die beseerde man na die herberg bring en die herbergier vra om vir hom te sorg, is dit belangrik om te onthou dat 'n antieke herberg ook 'n huishouding was. Antieke bronne bevestig dat vroue dikwels self herbergiers, bestuurders en deurslaggewende personeel in hierdie instellings was. Die herbergier se vrou, vroulike slawe en genesers sou diegene gewees het wat die beseerde man gebad het, sy wonde met olie en wyn skoongemaak het, en die geld wat die Samaritaan agtergelaat het, bestuur het. Die Samaritaan se deernis is kragtig juis omdat hy 'n professionele netwerk van vroue vertrou om sy missie van genesing voort te sit.

**'n Geloof wat niemand verborge laat nie**
Waarom maak dit alles vandag vir ons saak?

Om die gelykenisse te ontbloot (*unhide*) is meer as 'n akademiese oefening. Dit is 'n daad van geregtigheid. Dit daag die historiese raamwerke uit wat vroue uitgesluit het, en bied 'n pad na 'n eerliker, akkurate en regverdige geloof. Wanneer ons fyn kyk, sien ons dat die koninkryk van God nie slegs 'n mansruimte is nie, maar 'n lewendige, gemeenskaplike werklikheid waarin die arbeid, eer en agentskap van vroue absoluut lewensbelangrik is.

Hierdie manier om die Skrif te lees vra van ons om die versteekte karakters in ons eie wêreld te ontdek. Deur vrae te vra soos: *Wie het die feesmaal voorberei?* of *Wie het die brood gebak?*, lei ons ons harte op om te vra wie ons in ons eie gemeenskappe miskyk. Dit is 'n praktyk wat blindekolle afbreek en ons uitdaag om die waardigheid van elke individu se bydrae te erken, ongeag hoe verborge dit mag lyk. Ons word geroep om 'n radikaal inklusiewe gemeenskap te bou waar elke persoon gesien word, elke stem gehoor word, en almal as gelykes bymekaar gebring word.

**Delf dieper op die YouVersion Bybel-toep**
Indien u daarin belangstel om hierdie gelykenisse verder te verken en te leer hoe om 'n *unhiding reading* in u eie daaglikse lewe te beoefen, nooi ek u uit om by my aan te sluit op die YouVersion Bybel-toep. Ek publiseer tans verskeie vereenvoudigde, toeganklike leesplanne en Bybelstudiegidse gebaseer op my navorsing. U kan hierdie hulpbronne maklik op die toep of aanlyn vind deur bloot na my naam, Charel Daniël du Toit, te soek of deur *unhiding women* in die soekbalk in te tik. Die Bybelstudies is beskikbaar in beide Engels en Afrikaans.

My boek, *Unhiding Women in the Parables: A Study Guide for Groups and Individuals*, is aanlyn beskikbaar op Amazon, Barnes & Noble, of Wipf & Stock. U kan ook gerus met my in verbinding tree by **drchareldutoit@gmail.com**.

(Dr Charel du Toit is 'n navorsingsassosiaat by die Universiteit van Pretoria en woon tans in Tennessee, VSA, waar hy vir CBE (*Christians for Biblical Equality*) International werk)

# My pop val stukkend

Ds Mariët Robbertze

**Vrouedag is 'n dag van viering, maar in alle eerlikheid moet ek erken dat dit nie net 'n dag vir feesviering is nie. Ons kan nie vroue se waarde erken sonder om hul pyn raak te sien nie. Geslagsgebaseerde geweld bly een van die diepste wonde in ons samelewing – 'n werklikheid wat liggame, harte en menswaardigheid breek. Agter elke statistiek skuil 'n mens, 'n verhaal, 'n lewe wat onherroeplik verander is.**

Wanneer gewone taal tekortskiet om hierdie pyn te beskryf, wend ons ons tot poësie en musiek. Afrikaanse tekste beeld lank reeds beelde van seer, stilte en gebrokenheid van geweld uit. Een van die aangrypendste beelde is dié van 'n pop – 'n figuur wat deur verskeie tekste heen as simbool van weerloosheid en verwerping dien.

In Ingrid Jonker se gedig *My pop val stukkend* skryf sy van 'n skaduwee wat die straat waarsku, iets wat uit 'n hoë balkon geslinger gaan word. Die beeld is dié van 'n val – iets of iemand wat uit veiligheid geruk word en onkeerbaar na onder tuimel. Later volg die reël wat die metafoor skielik menslik maak: *my pop met 'n naam soos 'n liggaam.* Die pop is nie meer 'n ding nie – sy het 'n liggaam en 'n identiteit.

Geslagsgebaseerde geweld is presies dit: die oomblik wanneer 'n menslike liggaam as minderwaardig behandel word en iemand se waardigheid ontken word. In 'n ander gedig deur Ingrid Jonker, die *Lied van die Lappop* kry hierdie ontmensliking 'n stem – of eerder 'n stem wat nie mag praat nie. *Ek is die lappop wat nie praat en maak net op jou liefde staat*, lui die woorde. Die pop se stilte is nie 'n keuse nie; dit is afgedwing. Sy lê blind, stil en doof, haar hande roer nie, haar lyf word koud en styf. Sonder hulp kan sy nie loop nie. Sy is gekoop, word besit en word uitgelewer aan die wil van 'n ander. Sy is die lappop sonder gees wat vrees dat sy eendag nog verbrand sal word en dat oor haar dood gelag sal word.

Die gedig skroom nie om die wreedheid van magsmisbruik bloot te lê nie. Die pop se pyn word selfs as 'n *luid gevierde fees* beskryf. Dit is 'n ontstellende beeld, maar een wat vir baie slagoffers herkenbaar is – hul seer word geminag, ontken of belaglik gemaak. Dit maak nie net fisies seer nie, maar verneder en hulle word stilgemaak.

'n Ander teks oor 'n nikswerd pop is die Afrikaanse kinderliedjie *Die Lappop*. Die lappop bevind haar op 'n plek wat diep simbolies is – 'n ashoop. *Iemand het 'n lappop op 'n ashoop weggegooi. Sy was gedaan en stukkend, verbleek en nie meer mooi nie.* Die ashoop is die plek vir dit wat nie meer waarde het nie. Rondom haar lê net gebreekte, nuttelose dinge soos 'n stukkende skoen, 'n vrot pampoen en 'n ou koerant. Die diepste hartseer lê egter in die wete wat by haar posvat dat niemand haar ooit weer sal wil hê nie. Sy is 'n nikswerd pop.

Baie slagoffers van geslagsgebaseerde geweld leef met presies hierdie oortuiging. Hulle voel nikswerd, oorbodig, en skaam.

In Ingrid Jonker se gedig *My pop val stukkend* verwoord sy ook die gevoel van skuld en selfverwyt wanneer sy die volgende skryf: *My pop soos 'n mossie geskiet, korrel-kaal van die vensterbank – of was dit die wind uit die verte, of was dit my eie hand*? Hier kom skuld en selfverwyt na vore, iets wat dikwels deel is van die nalatenskap van geweld. En dan, in dieselfde gedig, die skokkende selfbesef *as ek sou val uit 'n hoë balkon, as ek sou breek lyk ek ook só.* Die seerste besef kom in die vers, die ontkenning help nie meer nie. Die pop is nie meer net 'n beeld nie; die pop is sy.

Wanneer ons as Christene mense sien wie se lewe uitmekaar val, is dit ook nodig om te besin oor die Jesusverhaal. Jesus se menswees is misken en wreed tot 'n einde gebring. Hy is geslaan, verneder en stilgemaak omdat mense nie sy stem wou hoor nie. Hy is uit die stad gedryf, na 'n plek van verwerping – 'n soort ashoop buite die gemeenskap. Dit alles was geweld: teen Jesus se menswees, teen sy stem, teen sy liefde. Keer op keer is Hy uitgekryt as 'n nikswerd vals profeet.

Jesus se verhaal het nie geëindig toe Hy gesterf het nie. Die evangelies vertel dat daar mense gekom het wat Jesus van die kruis afgehaal, versorg en toegedraai het. Die hartseer situasie word toe ook 'n geleentheid om 'n beelddraer van God se liefde en sorg te word. Jesus se opstanding verkondig



dat geweld, miskenning en haat nie die finale oorwinning behaal nie. Die goeie in Jesus se sterfdag is dat daar mense was wat opgestaan het en betrokke geraak het, veral toe God se Seun in die oë van die wêreld stukkend geval het.

Elke keer wanneer 'n mens oor geslagsgebaseerde geweld praat, kom die vrae: Waarom bly die syfers van geslagsgebaseerde geweld so hoog? Waarom val daar steeds soveel *poppe* rondom ons stukkend? Miskien omdat te veel mense wegkyk, stilbly of huiwer om betrokke te raak.

Vrouedag roep ons nie net op om vroue en vrouwees te vier nie, maar om verantwoordelikheid te neem. Ons moet diegene raaksien wat op die ashope van geweld lê. Om te luister sonder om te oordeel, om te glo sonder voorbehoud, om te help sonder voorwaardes.

Mag ons help dat die *poppe* om ons nie stukkend val nie, en waar hulle wel val mag ons opnuut Jesus se woorde in Matteus 25: 45 onthou: *Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie* (AFR83).

(Ds Mariët Robbertze is leraar van Gemeente Kempten)

# Hoe lyk die kerk se beiteltjie vandag?

Ds Iwana Kruger

**Hoe lyk die kerk van môre? Dit is 'n vraag waarop niemand vandag 'n volledige antwoord kan gee nie. Wat ons wel weet, is dat die wêreld rondom ons vinnig verander en dat die kerk nie onaangeraak hierdeur bly nie. Juis daarom het predikante en kerkleiers uit die Pretoria-streek op 26 en 27 Mei by Gemeente Montana byeengekom vir die afskop van 2026 se Voortgesette Teologiese Opleiding (VTT) met die tema: *Blymoedig Kerkwees: Verbeelding en Innovasie*. Dié opleiding het gefokus op die vraag hoe die kerk met nuwe oë na haar roeping kan kyk. Dr Hein Delport het in sy verwelkoming beklemtoon dat God steeds besig is om sy kerk te bou, selfs te midde van 'n wêreld waarin strukture en verwagtinge voortdurend verander. Die uitdaging is daarom om opnuut te ontdek hoe ons as gelowiges met hoop en kreatiwiteit deel van God se werk kan wees.**

'n Goue draad wat deur vanjaar se opleiding loop, is die krag van verbeelding. Ons dink dikwels aan verbeelding as iets wat tot kunstenaars of skrywers beperk is, maar in die Bybel speel dit 'n diep teologiese rol. Jesus het self deur gelykenisse, beelde en metafore mense se verbeelding aangegryp om hulle uit te nooi na 'n nuwe manier van dink oor God se Koninkryk. Die vraag is dus nie bloot wat die kerk doen nie, maar hoe die kerk oor haarself praat. Prof Jaco Beyers en dr Sanrie de Beer het hierdie tema verder ontgin. Hulle het gewys dat taal nooit bloot woorde is nie. Die metafore wat die kerk gebruik, vorm ons Godsverstaan. Taal is soos 'n beitel – dit vorm nie net ons denke nie, maar help ons ook om nuwe moontlikhede raak te sien. Deur anders oor kerkwees te praat, begin ons ook anders leef en bedien.



Hierdie perspektief is besonder relevant in 'n tyd waarin baie mense onseker voel oor die toekoms van die kerk. Die versoeking is maklik om verandering as 'n bedreiging te sien. Tog herinner vanjaar se VTT ons daaraan dat verandering ook 'n geleentheid kan wees waarin God nuwe deure oopmaak. Blymoedigheid is daarom nie naïewe optimisme nie, maar 'n geloofsvertroue dat Christus steeds sy kerk lei.

'n Verdere hoogtepunt was dr Deon du Toit se gesprek oor kunsmatige intelligensie (KI). Hy het deelnemers gewys dat KI reeds deel van die wêreld is waarin predikante, gemeentes en lidmate leef. Die vraag is dus nie of die kerk KI moet ignoreer of vrees nie, maar hoe dit verantwoordelik en eties gebruik kan word om bediening te ondersteun. Die praktiese werkswinkel het deelnemers toegerus om hierdie nuwe hulpmiddels verantwoordelik te benut.

Innovasie beteken nie dat die Kerk haar identiteit moet prysgee nie. Inteendeel, ware innovasie vloei juis voort uit 'n diep verbondenheid aan die evangelie. Wanneer die kerk met verbeelding na haar konteks kyk, ontdek sy telkens nuwe maniere om dieselfde tydlose boodskap te verkondig. Hierdie opleiding is dus 'n uitnodiging om weer met vars oë na God se roeping vir sy kerk te kyk en dit met blymoedigheid uit te leef.

(Ds Iwana Kruger is leraar van Gemeente Pretoria-Oos en die NHKA se joernalis)

# Ons gaan weer 'n berg klim!

**Ds Iwana Kruger**

**Daar is oomblikke in 'n mens se lewe wanneer alles verander. Vir ds Willem Sauer het hierdie oomblik op 19 Februarie 2026 aangebreek. Jare se rugprobleme en skoliose het aanleiding gegee tot ernstige senuweepyn en die beste oplossing was 'n rugoperasie. 'n Prosedure wat veronderstel was om verligting te bring, het onverwags uitgeloop op een van die grootste uitdagings van sy lewe. Toe ds Willem na die operasie wakker word, was daar chaos rondom hom. Hy het oor en oor gehoor: *Beweeg jou tone!* Maar sy bene en tone wou nie reageer nie. Die kommunikasiekanaal tussen sy brein en bene is tydens die operasie weens 'n bloedklont in sy rugmurg beskadig. Hy het uiteindelik alle gevoel in sy bene verloor.**

Die toekoms was onseker en die gedagte om nooit weer te kan loop nie, was oorweldigend. Hy het twee maande rehabilitasie in die Eugene Marais-hospitaal ondergaan. Twee Zoeloe-pasiënte het vir hom die naam Mandla gegee. Dit beteken *die sterk een*. Maar ds Willem glimlag wanneer hy daarvan vertel. *Die sterk een is nie ek nie*, sê hy, *die sterk een is God*.

Sy vrou, Elise, het die saadjie geplant wat die ritme van hul pad vorentoe bepaal het. Na aanleiding van hul vele bergklimekspedisies, het sy hom aangemoedig: *Ons gaan weer 'n berg klim*. Daardie beeld van 'n berg het die verhaal van hul reis geword. Bergklim is nooit maklik nie, party dae voel die pad steil en uitputtend en ander dae is daar weer nuwe moed. So was dit ook die geval met die rehabilitasie. Elke tree van die Sauer-gesin word gegee met die wete dat God die berg saam met hulle klim.

'n Skrifgedeelte wat vir ds Willem besondere betekenis het, is die verhaal van Moses tydens die stryd teen die Amalekiete. Solank as wat Moses sy hande in die lug gehou het, het Israel die oorhand gehad. Toe sy arms moeg word, het Aäron en Hur hom ondersteun en sy hande opgehou totdat die Israeliete die oorwinning behaal het. Ds Willem vertel dat hy deur hierdie ervaring een van die belangrikste lesse van sy lewe geleer het – niemand is bedoel om alleen deur moeilike tye te gaan nie. Elkeen van ons het mense nodig wat ons hande as't ware ophou wanneer ons self nie meer kan nie.

Hy het hierdie ondersteuning op verskillende vlakke beleef. Kollegas en vriende het hom gereeld besoek. Sy gemeente het nie net vir hom gebid nie, maar ook praktiese aanpassings gemaak deur opritte by die kerk en sy huis aan te bring sodat hy sy bediening kon voortsit. 'n Goeie vriend uit 'n vorige gemeente het selfs vir hom 'n motor gekoop en dit laat ombou sodat hy weer onafhanklik kon bestuur. Hoewel hy en Elise aanvanklik beplan het om ná sy emeritaat elders af te tree, het hulle uiteindelik besluit om in hul huidige gemeenskap aan te bly. Hy verduidelik hierdie besluit so: *Dit is hierdie gemeenskap wat ons gedra het toe ons hulle die nodigste gehad het.*

Maar toe duik daar 'n oomblik van twyfel op. Ds Willem het ernstig oorweeg om medies ongeskik verklaar te word. Hy het dit selfs met sy gesin bespreek. Maar sy vrou, sy kollega en uiteindelik ook sy neurochirurg het hom aangemoedig om nie sy roeping prys te gee nie. Dit is hierdie mense wat hom herinner het dat hy nog werk het om vir die Here te doen.

Vandag sien sy lewe anders daarna uit. Hy bestuur met die hand, pak sy rolstoel self in en uit en oefen daagliks met parallelle pale wat sy seun, Wian, vir hom gebou het. Sy linkerbeen het nog geen funksie nie, maar sy regterbeen wys geleidelike verbetering. Hy weet die pad vorentoe bly lank, maar hy weet ook dat God elke tree saam met hom stap. Wanneer hy terugskouend oor sy pad gesels, is sy beperkinge nie sy eerste fokus nie. Hy praat oor sy dankbaarheid. *Ek het die beste gesin, die beste Kerk, die beste vriende en die beste God.*



Miskien is die grootste les van alles dat geen mens die berge in ons lewens alleen klim nie. God gee vir ons medereisigers soos familie, vriende en geloofsgemeenskappe sodat ons saam die berg kan aandurf. Dit herinner die Kerk ook aan haar roeping om soos Aäron en Hur langs Moses te staan, mekaar se laste te dra en mekaar se hande op te hou wanneer die pad te steil en moeilik raak.

(Ds Iwana Kruger is leraar van Gemeente Pretoria-Oos en die NHKA se joernalis)

# Stoepstories: Doopname

**Oupa Stoep**

**Beteuterde Bertus van Brakpan vra: *Beste Oupa Stoep, mag ek weier om kinders te doop op grond van hul name? Die dilemma is dat hier 'n tweeling is wie se pa, nadat hy hul geboorte ordentlik gevier het, hul name by registrasie laat opskryf het as Klippies en Coke. Hulle van is boonop Van Rijn. Ek ken myself, Oupa. Ek sal kliphard uitbars van die lag as ek hierdie name by die doopvont moet voorhou. Wat staan my te doen?***

Beste Bertus, een van Oupa se wyse professore het hom geleer dat 'n mens nooit die doop van 'n kind mag weerhou oor die dwaashede van die ouers nie. Doop sal jy maar vir Klippies en Coke moet doop, as dit regtig hul wetlik geregistreerde name is. Jy kan dalk oorweeg om stilletjies 'n skyfie suurlemoen te hap voor jy die doop bedien. Miskien sal dit 'n lag of selfs net 'n glimlag keer. Alternatiewelik sal jy vir Mamma van Rijn moet bearbei om die tweeling se name te laat verander voor hulle ten dope gehou word. Oupa is seker jy sal 'n paar dwingende redes vir haar kon aanvoer hoekom sy die name moet laat wysig.

Dit gaan Oupa se verstand te bowe hoe ouers opsetlik hul kinders kan opsaal met die belaglikste van name. Oupa het 'n niggie in Engeland wat 'n onderwyseres is en een van die kinders in haar klas se name was ***J'***. Net dit. By navraag moes sy uitvind die kind se naam word uitgespreek *Jaypostrophe*! Hoe die ouers by dié naam uitgekom het, weet nugter alleen.

Soms kan daar wel 'n baie goeie, dog obskure, rede vir 'n naam wees. So het Oupa eens 'n dierbare Zimbabwiese huiswerker gehad. Haar pa het 'n vermoede gehad dat hy dalk nie die biologiese pa van een van haar boeties was nie. Die pa het die kind, oor wie hy so twyfel gehad het, gaan registreer en die arme seun moet nou deur die lewe gaan met die naam *Doubt*.

Op 'n keer meld 'n paartjie aan vir doopkategese en Oupa sien op die voltooide doopbrief dat die babadogtertjie se naam *Chemonique* is. Oupa sê toe dat dit 'n pragtige naam is wat hulle vir hulle dogtertjie gekies het en doen toe navraag oor die oorsprong van die naam. Oupa sê dat hy kan dink dat *Chemonique* die naam is van 'n heldin in 'n roman wat afspeel êrens in Frankryk. *Nee*, sê die mamma, *dis die naam van my pa se Ford Cortina se kleur!*

'n Laaste sakie, liewe Bertus. Sal jy asseblief so gaaf wees om vir Oupa 'n foto'tjie van Klippies en Coke van Rijn in hulle dooppakkies te laat kry?



Redakteur: Ds David Barnard. Subredakteur: Ds Etienne Fourie. Produksieredakteur: Mej Sanet du Plessis. Joernalis: Ds Iwana Kruger.
Redaksie: Ds Annami Cockeran, dr Hein Delport, ds Iwana Kruger, ds Dalene Lourens, ds Mariët Robbertze, ds Larry van der Walt, dr Wouter van Wyk (sekretaris: Kommissie van die AKV).
Grafies: Mnr Hugo van Niekerk.
Administrasie: Mev Sarie Roux.
Uitgewer: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Posbus 2368, Pretoria 0001. Tel 012 322 8885, e-pos: boekwinkel@nhk.co.za, webblad: www.nhka.org
Drukkers: Seriti Printing, Pretoria. By die Hoofposkantoor as nuusblad geregistreer ISSN 0259-949X.

*Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.*